# BOEKBESPREKING.

Prof. dr. W. H. Gispen: **Het Pyramidegeloof.** J. H. Kok N.V., Kampen. Prijs fl. 1.35.

Onlangs ontmoette ik een oprecht godsdienstig man, die prachtig uitgevoerde boeken bezat over allerlei speculatieve beschouwingen en berekeningen en voorspellingen op grond van de mathematische verhoudingen in de pyramiden. Hij was erg onder de indruk van wat hij in die boeken las en sprak er enthousiast over.

Als ik hem weer ontmoet zal ik hem bovenvermeld boekje van prof. Gispen geven!

Hiermee geef ik tegelijk mijn oordeel over dit boekje weer. Het is geen weerlegging van al die speculatieve beweringen, maar een prinscipiële bespreking van deze materie, het is een getuigenis. Een getuigenis voor het ENIG karakter van de openbaring Gods, die geen evenknie heeft of duldt, noch in pyramiden, noch in enig ander mensenwerk, hoe groots ook.

Wie in dit onderwerp belangstelt moet niet vergeten dit boekje te lezen, liefst voordat hij andere werken daarover bestudeert.

Dr. KROEZE.

Herman Scholtemeijer: **Johannes Calvyn, die stryder vir die eer van God.** Potchefstroom, Pro Rege-Pers Beperk, 1953. Prys: 7/6.

Die skrywer van hierdie boekie oor die lewe en die werk van Calvyn het daarin geslaag om op kostelike wyse die groot hervormer voor die oog van die leser te laat lewe. Bevatlik en boeiend is die historiese feite weergegee en dit laat ons Calvyn sien as die ywerige student, wat nie gerus het voordat hy omtrent meester van alle vertakkinge van die destyds beoefende wetenskap geword het nie, as die vaardige skrywer, wat met sy **Institusie** die hegte grondslae van die Gereformeerde Teologie gelê het, as die vlugteling voor die verwoede vervolging van die Roomse Kerk, as die liggaamlik swakke en sieklike figuur, wat desondanks tot aan sy dood voortgewerk en geskryf het, as die reus van Genève, wat die stad tot 'n modelstad omgeskep en seëvierend teen al sy vyande uit die stryd getree het en veral as die stryder vir die eer van God onder alle omstandighede.

Treffend is die ryk gevarieerde arbeid van Calvyn in Genève geteken. Dit beslaan ook die grootste gedeelte van die boek. Calvyn en Genève hoort onafskeidelik bymekaar. Daar het hy sy kommentare en sy tallose briewe geskrywe; daar het hy laat ontstaan 'n voorbeeldige kerklike en kulturele lewe; daarheen het sy vriende en leerlinge uit alle dele van die wêreld toegestroom. Daar in Genève is die slag om die Hervorming gelewer en het die Calvinisme 'n ekumeniese stempel ontvang.

Die boekie is 'n mooi aanvulling van die „Ons Gesinsbiblioteek" van Pro Rege-pers Beperk en behoort 'n wye leserskring te vind.

S. C. W. DUVENAGE.

A. S. Joppie: **The Ministry of Angels.** Uitg. Baker Book tHouse, Grand Rapids, Michigan. 98 bl., prys plusminus 8/6.

Hierdie boekie gee ons op heel populêre wyse 'n behandeling van die leer van die engele (angelologie). Die gewone leser sal baie leersame dinge hierin vind. Die meer gevorderde leser sal seker liewer die boek van dr. A. Kuyper oor „De Engelen Gods" wil lees. Die skrywer verwar soms die verskillende hemelwesens. So bv. op bl. 13 verwar hy engele met serafs. Op bl. 28 word beweer dat „Here van die leërskare" (Sebaoth) slaan op die menigte van engele. Dit is nog geen uitgemaakte saak nie. In Jes. 40: 26 kan dit op die sterre slaan. Andere dink aan die slagordes van Israel (1 Sam. 17: 45). Dit is jammer dat die skrywer in hierdie boek ook handel oor die satanalogie en demonologie. Dit behoort tuis by die leerstuk van die sonde. In hf. 11 neem die skrywer die standpunt in dat daar vir die kinders beskermengele is, iets wat nog nie so seker is nie. Dit neem in elk geval nie weg dat ons op interessante wyse vertel word van die diens van die engele nie. Ons hou in ons alledaagse lewe te min rekening daarmee. Die skrywer laat ons weer diep nadink, veral as ons hf. 9 lees: „Angelic bodyguards for the saints". Behoudens enkele plekke van verskil wil ons hierdie boekie van harte by ons lesers aanbeveel.

P. J. S. de K.

* * *

Dr. J. Verkuyl: **Zijn alle godsdiensten gelijk?** Het wereldvenster, Baarn. 1953. (Verkrygbaar by Pro Rege-Pers Bpk., Kerkstraat, Potchefstroom). 127 bl. Harde band, posvry 12/5.

Die boekie behandel 'n baie aktuele onderwerp. Nog te dikwels word die roep gehoor dat alle godsdienste gelyk is en dat dit dus nie daarop aankom

watter een die regte is nie. Veral in die Ooste—waarvan dr. Verkuyl blykens die gegewens in sy boek, 'n intieme kennis het.

Met klem en met krag toon dr. Verkuyl aan **die absoluutheid van die Christendom** en dan veral van die openbaring van God in sy vleesgeworde en Skrifgeworde Woord. Ons kan die boek van harte aanbeveel, veral vir geskooldes. Dit moet ons net van die hart dat die betoogtrant van dr. Verkuyl wel rééds oortuigdes in hul oortuiging sal versterk, maar dat nie-oortuigdes nog heelwat teen sy wyse van argumentering kan inbring. Natuurlik weet ons dat niemand 'n ander van die waarheid van die Evangelie kan oortuig nie, maar as ons 'n getuienis moet gee, moet ons onsself meer op die standpunt van die teenstander probeer stel.

S.d.T.

* * *

Dr. J. C. G. Kotze: **Gaan dan!** Uitgegee deur die C.S.V. Verkrygbaar by die C.S.V.-Boekhandel (Posbus 25, Stellenbosch, Posbus 8459, Johannesburg). 215 bl. Prys 9/3.

Dit is die eerste deel van 'n: „Handleiding vir die betere toerusting van hulpkragte in die Evangelisasie-arbeid van die Ned. Geref. Kerk". Dr. Kotze is uitnemend toegerus om oor hierdie saak te skrywe. Hy het spesiaal na Amerika gegaan om studie te maak van die wyse waarop die amp van die gelowige meer tot sy reg kan kom in die kerk. Een van die maniere waarop dit kan gebeur is deurdat die lidmate aktief deelneem aan evangelisasie-arbeid.

Die skrywer verklaar in sy voorwoord dat na sy oortuiging die uiteensetting trou is aan die Woord van God en die Gereformeerde beginsels. Dit is dan ook inderdaad so, hoewel altyd in gedagte gehou moet word dat die werk bedoel is vir gebruik deur die N.G. Kerk, sodat spesiaal die gees van hierdie Kerk daarin weerspieël word.

Ondergetekende wil die werk graag aanbeveel. Dit lees baie aangenaam en behoort 'n stimulus vir die gelowige te wees om aktief deel te neem in die werk van die koninkryk van God.

S.d.T.

* * *

K. Dronkert: **De Molochdienst in het Oude Testament.** Academisch Proefschrift, Vrije Universiteit, 1953. Drukkerij „Luctor et Emergo", Leiden.

Dr. Dronkert het die hele vraagstuk van die Mologdiens weer aan 'n indringende ondersoek onderwerp, nadat dit 'n tydlank nie so veel belangstelling geniet het nie. Daar het weer belangstelling gekom na 'n publikasie van die bekende Ou-Testamentikus, Eissfeldt, wat die stelling neergelê het dat met die woord nie 'n godheid nie maar 'n offerbegrip uitgedruk word.

Die skrywer van die boek onder bespreking wil veral die Ou-Testamentiese gegewens tot hul reg laat kom, waar vroeëre geleerdes soos Baudissin en Eerdmans dit nie altyd op 'n oortuigende wyse gedoen het nie. Hy handhaaf dat Molog wel 'n godheid aandui en dat Molog (nie Moleg soos sommige wil nie) die regte uitspraak van die woord is.

Dr. Dronkert het ongetwyfeld die Ou-Testamentiese wetenskap 'n diens bewys met hierdie werk, veral vanweë die skat van gegewens wat hy versamel het. Dat hy die laaste woord oor die vraagstukke gespreek het, sal hy self ook nie beweer nie. Dit blyk duidelik uit 'n resensie van Rowley in **Bibliotheca Orientalis** dat hy nogal skepties staan teenoor die konklusies. Soveel is egter seker dat enige toekomstige werk met die proefskrif van dr. Dronkert ernstig rekening sal moet hou. Dit behoort op die boekrak van elke teoloog te staan. Ons wil die skrywer sowel as sy promotor gelukwens.

S.d.T.